Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Eksodus 3:1-14; Matteus 1:18-25

Teks: Matteus 1:21

H.K.: 11:29-30 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels **nr 3**)

Datum: 20 Julie 2008

Psalms: 48:1,4; 72:1,11; 103:1,2; 135:1,2; 135:6,7,8

1. Inleiding

'n Naam kan baie sê. Dit is altyd so as God self daardie Naam gee. Ek dink spesifiek aan die Naam Jesus. In daardie een Naam is die ganse evangelie opgesluit. In die Naam Jesus lê die hele weg van saligheid vervat. Ek kyk daarom met u na:

1. Die ***belangrikheid*** van die Naam Jesus
2. Die ***betekenis*** van hierdie Naam Jesus
3. ***Net*** hierdie Naam alleen kan ons red

2.1. Die ***belangrikheid*** van die Naam Jesus

In Matteus 1 verskyn 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef en sê aan hom:" Maria sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem …" (v.21).

Sy Naam sal **Jesus** wees!

In die Bybel was ‘n naam van besondere betekenis. Soms het 'n naam byvoorbeeld iets gesê oor die opdrag wat so 'n persoon van die Here ontvang het. So beteken die naam Elia: my God is die HERE. En dit moes Elia met sy hele lewe teenoor Agab en Isebel en die afvallige Israel getuig: Die HERE alleen is God en nie Baäl nie! Elia se naam het dus spel sy lewensroeping uitgespel.

'n Naam was in ou Israel daarom nie sommer 'n niksseggende iets nie. En dit is ***nog meer die geval wanneer ons hoor dat die Here self iemand 'n naam gee***. Want in Matteus 1 vers 20 het ons nie sommer 'n gewone bode nie, maar 'n gesant uit die hemel, 'n boodskapper met 'n opdrag van God self. En sy van God gegewe opdrag lui: Josef moet die kind Jesus noem.

Hierdie naamgewing word nog meer veelseggend as ons die opvallende ooreenkoms sien tussen **1)** die geskiedenis van die ***verlossing uit die slawehuis*** van Egipte enersyds en **2)** die ***verlossingswerk van Christus*** andersyds:

- Want in Eksodus 3 en 4 is ons ***op die drumpel van Israel se verlossing uit die slawehuis van Egipte***. En daar, op die drumpel van die verlossingsgeskiedenis, verskyn die HERE self aan Moses en Hy openbaar – sy Naam aan Moses. Sy Naam is HERE, EK IS WAT EK IS.
- En vergelyk dit nou met Matteus 1. Hier staan ons ***op die drumpel van die die verlossing uit die slawehuis van die sonde***. En ook hier openbaar God deur sy engel ‘n Naam aan sy volk: die Naam van sy Seun. En die Naam van sy Seun is – Jesus.

Die Naam – dit moet iets sê, iets van die komende verlossing. Dit bring ons by die tweede hoofpunt:

2.2. Die ***betekenis*** van die Naam Jesus

Ek wil hierdie punt ook begin met ‘n vergelyking tussen die geskiedenis van Eksodus 3 en 4 en die geskiedenis van Matteus 1:

- In Eksodus, by die brandende doringbos, gee die HERE aan Moses nie alleen ‘n Naam nie. Daar kom iets by. ***Die HERE verklaar*** boonop ***sy Naam aan Moses***: EK IS WAT EK IS. Om dit eenvoudig te hou: die Naam beteken: EK IS aktief by my volk om my beloftewoord te vervul, EK IS getrou aan my beloftes. So belangrik is hierdie Naam HERE dat die HERE self dit aan Moses en Israel ***verklaar***. Israel moet weet: die HERE is getrou aan sy beloftewoord aan Abraham. 400 jaar te vore het het die HERE aan hul vader Abraham beloof dat Hy hulle sal verlos uit die slawehuis en nou sal Israel dit sien: die Naam van die HERE is EK IS WAT EK IS, Ek is getrou.
- Vergelyk dit nou met die geskiedenis van Matteus 1. Ook hier is dit die Here self wat by monde van die engel die Naam Jesus openbaar. En dit is nie al nie. So ontsaglik belangrik is hierdie Naam en so veelseggend en so dringend noodsaaklik is dit dat ons sal weet wat hierdie Naam beteken, dat die engel nie net

sê wat die Kind se Naam moet wees nie, maar ***ook 'n verklaring van die Naam gee***. Hy sê vir ons wat die Naam Jesus beteken: "WANT dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Mt.1:21).

Die engel spel in opdrag van die Here self die Naam en die diepste betekenis van die Naam vir ons uit: Hy is dit wat sy volk van hulle ***sondes*** sal verlos.

Die eerste wat opval, is dat die woord sondes in die ***meervoud*** staan. Daarmee sal sekerlik die grootheid en die talrykheid van sy volk se sondes uitgespel word.

Hy verlos ons ***van ons sondes***. Dit is belangrik dat ons moet sien waarvan Jesus ons red. Hy red ons nie bloot van ons liggaamlike ellende en nood, van die siekte en die pyn en die leed van hierdie lewe nie. Nee, Hy verlos sy volk van hulle sondes.

Die sonde – dit is ***die wortel, die oorsaak van al ons ellende***. Ons Nagmaalsformulier vat dit so skerp raak: deur sy dood het Hy die ***oorsaak*** van ons ewige honger en kommer, naamlik die **sonde**, weggeneem.

Ons kan die woord sonde in drie dele verdeel: 1) die skuld, 2) die mag en 3) die gevolg van die sonde.

Eerstens is daar ***die skuld van die sonde***. Die sonde dompel ons in skuld by God. Dit maak ons strafwaardig. Ons verdien die ewige dood.

Om ons daarvan te red, het Jesus gekom. Hy het die vloek gedra. Hy het met sy kruisdood ons skuld by God uitgedelg.

➔ **Aan die kruis sien u wat sy Naam beteken: Redder van die vloek van sonde, Verlosser van die hel van Godverlatenheid. Op die heuwel van Golgota word die Jesus-Naam, die diepste en heerlikste betekenis daarvan vir ons uitgespel.**

Tweedens is daar ***die mag van die sonde***. Deur die sondeval het die sonde die troon bestyg in ons lewens. Die sonde is 'n verwoestende mag. Dit vervreem ons van God. Dit verwoes menseverhoudings. Die sonde - dit is die verklaring hoekom die wêreld lyk soos hy lyk: 'n puinhoop van haat, oorlog, egskeidings en ek weet nie wat nog alles nie.

➔ **Aan die kruis sien u Jesus se Naam gespel: Redder van die mag van die duiwel en die sonde.**

Die **derde** waarvan Jesus ons red, is ***die gevolg van die sonde***: siekte, gebreke en dood. O, nou sien ons dit nog nie dat Hy ons daarvan verlos nie. Maar deur die geloof weet ons: As Hy weer kom, sal daar geen siekte en dood meer wees nie. Dan sal Hy alle trane van ons oë afdroog.

Maar vir die tussentyd, in hierdie wagtyd, hier in die doodsdal diep en donker, hier in die jammerdal met sy siekte leed en pyn, gee Jesus ons troosryke tekens, bemoedigende tekens in sy Woord dat Hy nie alleen red van die skuld en die mag van die sonde, maar ook van die gevolge van die sonde.

So 'n teken gee die Here aan ons in Handelinge 3. 'n Magtige wonderwerk het plaasgevind: 'n Kreupel-gebore man is genees. Dit het so gebeur: Die man het gesit en bedel by die tempel. Toe Petrus en Johannes wou binnegaan, het hy hulle gevra om 'n aalmoes. En toe het daardie geweldige gebeur. Petrus het vir hom gesê: "Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!" (Hand.3:6). ***In die Naam van Jesus Christus*** ….

Op hierdie gebeurtenis kom Petrus terug in sy preek in Handelinge 4. Daar hoor ons dat Petrus en Johannes oor hierdie wondergenesing gedaag word voor die Joodse Raad. Hulle regters eis van hulle 'n verklaring: "Deur watter mag en ***deur watter naam*** het julle dit gedoen?". En dan kom die geweldige preek van Petrus, sy Jesus-preek: "Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat ***deur die Naam van Jesus*** Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. …… En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ***ook geen ander naam*** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie".

Dit is heel opvallend dat Petrus in sy verduideliking nie alleen die ***Náám*** van Jesus noem nie, maar dat hy uitdruklik sê: Jesus "wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het". Want juis daardeur, deur sy kruis en opstanding, het Hy ook ons siekte en dood oorwin en ons daarvan verlos.

➔ **Jesus – in die gebeurtenis van Handelinge 3 en 4 word hierdie heerlike Jesus-Naam vir ons uitgespel: Dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.**

Maar in ons teks is nog 'n belangrike saak in die Naamsverklaring van Jesus: Wie kom Hy verlos: Hy kom ***sy volk*** van hulle sondes. Dit is ons. Ons het Hom so nodig. Want ons het sondes. Hy kom nie alle mense red nie, maar sy volk. Dit is hulle wat met hulle sondes na Jesus alleen gaan. Sy volk – dit is hulle wat glo dat net Hy alleen hulle kan red.

Hy red, Hy verlos ons, maar ons moet ook beslis weet:

2.3. **Net** hierdie Naam alleen kan ons red en red ons heeltemal

Die Heidelbergse Katigismus is **radikaal** en uitgesproke wanneer die kom by die vraag of Jesus die ENIGSTE, die heel, heel enigste is wat ons verlos. Sonder omhaal van woorde bely ons: Jesus is die ***enigste*** Verlosser en ***by niemand anders*** is daar ***enige*** saligheid te soek of te kry nie. Ons kry hier ‘n opeenstapeling van woorde!

Die leermeester van Heidelberg is ook **rakikaal** as hy dit het oor die VOLKOMENHEID van Jesus se verlossingswerk. Hy wil hê dat ons beslis moet weet: Jesus is nie net die enigste Verlosser nie, maar Hy is ook die VOLKOME Verlosser. Hy verlos ons heeltemal. Hy verlos ons van ***al*** ons sondes en in hierdie ***volkome*** Verlosser het ons ***alles*** wat vir ons saligheid nodig is. Ons kry hier ‘n opeenstapeling van woorde!

Vraag 30 van die Kategismus is veral gerig teen die Rooms-Katolieke Kerk "wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of êrens anders soek." Die Roomse het wel verkondig dat Jesus gekom het om ons te red, maar hulle hele leer het uiteindelik daarop neergekom dat hulle ook gesteun het op die werke van mense: hulle eie goeie werke, die voorbidding van die heiliges en Maria en nog baie ander dinge.

Daarteenoor staan die Kategismus sterk afwysend:

Dit is vir ons Heidelberger 'n saak van GELOOF-ONGELOOF – so ernstig. Want in vraag 30 vra hy: ***Glo*** die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus? En dan kom die antwoord: Nee! Hulle hele leer kom neer op 'n VERLOËNING van Jesus. Met die MOND bely hulle Hom wel, maar met die DAAD, met die daad van werkheiligheid, verloën hulle hul enigste Saligmaker.

Jesus is ***òf*** vir ons NIKS ***òf*** ALLES, sê ons belydenis: "Slegs een van twee dinge is immers moontlik: ***òf*** Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, ***òf*** die wat hierdie Verlosser

met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is". Dit is die twee moontlikhede. 'n Tussenweg is daar nie.

Ware geloof is vir die Kategismus: om in Jesus alles te hê wat vir ons saligheid nodig is. DIT is WARE GELOOF.

Waar kom ons Kategismus daaraan om die saak so skerp te stel? In die Bybel. In Galasiërs 1:8,9 sê die Heilige Gees: Laat die wat by die verlossing van Jesus iets wil byvoeg 'n vervloeking wees. En in Handelinge 4 sê Petrus: " En die saligheid is in ***niemand anders*** nie, want daar is ook ***geen ander naam*** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand.4:12).

3. Slot

Dit eie aan ons as mense om ons verlossing buite Jesus te soek. Vele mense dink dat hulle goeie lewe hulle in die hemel sal bring. Maar die Bybel sê: Jesus alleen.

Vele maak van Jesus iemand wat vir jou siel sorg, maar vir jou liggaam, vir jou brood en botter, moet jy self sorg. Hulle maak van Jesus 'n Sondag-Jesus. Maar Jesus verlos ons hele lewe. Ons het hom oral nodig: in ons politiek, in ons gesin, in ons skole – want net Jesus alleen kan ons lewe daar ook heel maak.

Jesus alleen – in hierdie een Naam word die hele Bybel vir u aangereik.

AMEN